

Liewe Ouers/Voogde

Skool sal slegs heropen wanneer die Minister van Basiese Onderwys 'n verklaring uitreik oor wanneer dit sal gebeur. Daar is baie stories wat die rondte doen, maar ons wag vir die korrekte feite. Ons eerste prioriteit is die veiligheid van ons leerders en personeel. Daarom wil ons graag die skool eers ontsmet en die nodige veiligheids toerusting in plek stel voordat ons die skool gaan heropen.

Dit is uiters noodsaaklik dat u moet sorg dat u kind veilig is en probeer om sover moontlik tuis te bly. Dit is baie belangrik dat u nie u kind skool toe sal stuur indien u kind siek voel of enigsins simptome van siekte het nie. Ons beplan om elke kind te "screen" by die skool. Kinders wat simptome toon sal dadelik terug gestuur word huis toe.

Ons sal, afhangende van die formaat van heropening, beslis moet kyk na n veilige afstand tussen kinders en personeel. Verduidelik asseblief aan u kinders dat "drukkies", groet met die hand en soen totaal en al verkeerd en verbode sal wees. GEEN fisiese kontak word toegelaat nie. Die dra van maskers is absoluut noodsaaklik wanneer jy tussen mense is. Berei die kinders asseblief voor op die noodsaaklikheid daarvan asook die gereelde was van die maskers. Indien moontlik kan u solank vir u kind twee maskers kry wat wasbaar is.

Wat die skoolwerk betref, is dit uiters noodsaaklik dat die kinders sal beseft dat die werk baie is en dat die tempo van werk sal verhoog om verlore tyd in te haal. U kind moet asseblief skool gereeld bywoon en nie afwesig wees nie. Daar sal ook nie tyd gemors kan word op dissiplinêre probleme nie. Ons verwag dat elke kind se voorkoms en klededrag op die dag van heropening korrek sal wees. Praat by voorbaat met u kinders sodat hulle voorbereid kan wees op die uitdagende tye wat voorlê.

Ons sal deur hierdie forum asook per sms met u in kontak bly vir inligting benodig.

Wees asseblief veilig. Ons sien daarna uit om weer met ons kinders te werk.

Vriendelike groete

JS van Schalkwyk